# Die Byekorf

2017/05/10 Standerton Akademie

16/17

Geagte ouers

### Interne Redenaars: 4 Mei 2017

Baie geluk aan al 37 leerlinge wat deelgeneem het aan die Interne redenaars. Ons skool is ongelooflik trots op al ons redenaars en die kommentaar wat gelewer is teenoor my vanaf al die buite beoordelaars is uiters positief. Baie geluk aan die onderskeie graadwenners asook die fasewenners. (Sien Streeksredenaars kwalifiseerders op D6).

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 1: | Johanco Griesel | Graad 2: | Hardus Bierman |
| | Bismarck Fischer-Gerber | | Calla Hancke |
| | Jean-Roux Flack en Léan Geldenhuys | | Leo Bester |
| Graad 3: | Daniel Roberts | Graad 4 | Stian Pretorius |
| | Duan Burger | | Vic Hancke |
| | | | Ethan Pretorius |

| | | |
|---|---|---|
| Graad 5: | Johann Schoonraad | |
| | Elré Labuschagne | |
| Graad 6 | Maritz Hancke | |
| | Cronje Hancke | |
| | Lara Pretorius | |
| Graad 7: | Nadia Cronje | |
| | Paul-Pieter Kotze | |
| Fasewenners: | Graad 1 – 3: | Johanco Griesel |
| | Graad 4 – 6: | Johann Schoonraad en Maritz Hancke |
| | Graad 7 – 9: | Nadia Cronje |



### Wintersdrag

Die skool se wintersdrag vir alle leerlinge begin eerskomende Maandag, 15 Mei 2017. Hierdie drag is verpligtend vir alle leerlinge.

### Krag- en wateronderbreking

Neem kennis dat daar môre, 11 Mei 2017, 'n krag asook wateronderbreking by Standerton Akademie is vanaf 09:00 tot 15:00. Hiermee versoek ons al ons laerskool ouers om asseblief die skool te help deur 'n houer water môre skool toe te stuur saam met die kinders. Baie dankie.

### Streeksredenaars 26 Mei 2017

Alle deelnemers aan die Streeksredenaars se ouers word versoek om asseblief hierdie dag by ons skool te kom ondersteun. Ons ontvang hierdie dag nege ander besoekende skole wat hier kom deelneem. Daar sal tydens hierdie dag ook heerlike eetgoed aangebied word. Die skool sal die hele dag gesluit wees vir alle leerlinge wat nie aan die redenaars deelneem nie. Ouers, ek maak verskoning vir hierdie ontwrigting, maar ons maak gebruik van ongeveer ses lokale deur die dag en stilte moet gehandhaaf word tydens hierdie dag.

### Hemelvaart: 25 Mei 2017

Daar is geen skool op hierdie dag. 'n Program vir die leerlinge word wel voor die tyd aangebied.

**Prego-Roll verkope**

Baie dankie aan al die ouers wat ons met hierdie projek ondersteun en veral dankie aan die ouers wat hierdie projek bestuur. Maak seker dat u weet die Prego Rolls op Vrydag 12 Mei 2017 verkoop word en beskikbaar is vanaf 10:00.

**Steelchallenge – Gongskietdag**

(Sien die advertensie en inskrywingsvorms in u kind se posbus.) Kontak asseblief Daleen by die kantoor vir enige navrae. Maak net asseblief seker dat die formaat vanjaar verander na 4 lede per span teen R350 per skut.

**Beyerskloof Wynproe-aand 9 Junie 2017**

Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat 'n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00. Ouers hierdie kaartjies verkoop regtig baie goed en ons wil u aanmoedig om so gou moontlik kaartjies te koop om teleurstelling te vermy.

**Kultuurfees**

Alle leerlinge wat aan die kultuurfees op 5 Augustus 2017 te Lydenburg gaan deelneem, se vorms moet nie later as eerskomende Vrydag by mev. Swanepoel ingehandig word. Die spesifieke item waaraan die kind deelneem moet gespesifiseer word en die leesstuk, bladmusiek of gedig wat voorgedra word moet hierdie vorm vergesel.

# Voorstelle, klagtes en insette houer

U word herinner dat die houer weer oop is vir enige voorstelle hierdie kwartaal. U kan u bydraes lewer tot en met 12 Mei wanneer die houer sluit. 'n Ouerinligtingsaand vind dan plaas op 17 Mei waar die onderskeie portefeuljevoorsitters u die geleentheid sal gee om hierdie voorstelle te bespreek.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 10 tot 16 Mei verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 11 Mei : Tristan Baker | 10 Mei : Ethiene Labuschagne<br>13 Mei : Casper Janse van Rensburg<br>13 Mei : Marietjie Pretorius<br>14 Mei : Kobus van Heerden |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel












